NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 28
24 Julie 2025

## Om Christus sigbaar te leef...

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.



Wian Kloppers was baie begaafd en kreatief, maar sou homself altyd klein maak. Hy het nie van huldeblyke gehou nie. Deur sy kunswerke (ook loodglasvensters), sy mooi eredienste, *Konteks* (die gesinsblad waarvan hy redakteur was) en sy werk as predikant het hy die lewe vir ander mooi gemaak. Met alles in hom het hy daarvoor gewerk dat mense ook in die Kerk mooier met mekaar moet praat en eerlik na mekaar moet luister. In sy logo-ontwerp van die toneel waar Jesus die dissipels se voete was, word sy geloofs- en lewensroeping weerspieël.

Hy was 'n stille krag wat 'n diep werking op mense gehad het – dikwels sonder dat hulle dit besef het. Iemand wat tot op die laagste trappie sou gaan sit en na mense luister, hulle troos, sy arm om hulle sit, hulle beskerm teen die boelies van hierdie wêreld. In die boodskappe wat instroom, vertel mense hoe hy hul vriend was – iemand wat daar was vir hulle, hulle ondersteun en gedra het, en liefde uitgestraal het.

Hy was die engel wat my vlerke gegee het. Op 'n aand, met ons koppe op die kussing voor slaaptyd, het hy my die Griekse alfabet geleer sodat ek die volgende dag vir teologie sou gaan inskryf en so 'n nuwe pad saam met hom begin. Hy was die steunpilaar in my werk met die kerklied. Toe die siekte hom begin afbreek, was hy baie bang dat hy in 'n hospitaal sou wees – weg van ons huis, sy pragtige tuin, ons mooi kloof, die see, die berge om ons, en weg van my, sy allerbeste maat. Deur die genade kon ons tot aan die einde saam wees en kon hy deur sy pyn nog die mooi om hom geniet. Ons het ook tyd gehad om afskeid te neem.

Ons het gepraat oor ons wonderlike lewe saam, die gemeentes, die mooi mense wat ons lewens verryk het, die geleenthede op ons pad. En oor die dood – nou veel meer intens. Hy wou geen begrafnis met huldeblyke hê nie – eerder 'n Liedfees waar ons die liedere sing wat hom geïnspireer het en wat mense se geloof kan versterk.

'n Lied wat ek vroeër geskryf het, 'n vrye vertaling van 'n huwelikslied wat ons aanspoor om soos Christus vir mekaar te wees, het die sterkste lied op sy laaste weg geword. Dit het hom diep aangespreek en getroos. Deur sy lewe het hy Christus vir ander mense sigbaar gemaak. Wat 'n voorreg dat ek 'n lewe met hierdie mens kon deel, en ook sy beste vriend kon wees.

*Laat my nou jou beste vriend wees en soos Christus vir jou wees;*
*gee aan my ook die genade om jou steeds tot hulp te wees.*
*As jy lag, dan lag ek met jou, as jy huil dan huil ek saam –*
*delend in mekaar se vreugde, delend in mekaar se pyn.*

*Ek maak Christus vir jou sigbaar in jou donker uur van vrees;*
*steek my hand uit in jou lyding, om vir jou sy lig te wees.*
*Ons is één in hierdie lewe, loop die pad as twee tesaam –*
*deel die vreugde en die swaarkry om mekaar só by te staan.*

*Eenmaal sing ons in die hemel, kom ons saam in een akkoord –*
*ken ons nooit meer pyn en lyding, hoor ons net sy Liefdeswoord.*
*Sal jy ook my beste vriend wees en soos Christus vir my wees?*
*Laat ons bid om die genade om mekaar tot hulp te wees.*

Teks: Elsabé Kloppers (2015 na Richard AM Gillard 1953) Melodie: Ode to Joy (Beethoven)

**Prof Elsabé Kloppers**
**(Emeritus)**

## Wees gegroet, Wian...



**As Epiloog in die laaste-uitgawe van *Konteks* (Maart 2019) skryf dr Wian Kloppers onder meer:**

*Stapels papier. Werk – onvoltooid. ... Moontlikhede onontgin? Drome – onverwesenlik? ... Soveel beplanning in datums en skedules, vooruitskouings, name van mense wat sou deelneem – nie vir net een jaar nie, maar reeds vir twee vooruit. Wat die hardste tref, is die opskrif van die beplanningsdokumente: Op pad na 2020 – "perfekte" geloofsvisie... ... Dit is duidelik dat daar nog baie drome en ideale vir hierdie projek was. Wie sal weet wat sou kon wees...*

Met die staking van die Kerk se gesinstydskrif *Konteks* het die destydse SENTIK (en mag ek maar sê die NHKA) die aansteeklike entoesiasme en onuitputlike kreatiwiteit van 'n ware kunstenaar verloor. Want entoesiasme, geesdrif, is immers (soos Gordon Parks gesê het) die elektrisiteit van die lewe; dit gee ons die energie om te waag en inisiatief te neem; en veral om te glo in die belangrikheid van dit wat ons doen – vir onsself en vir ander. Met jou geesdrif oor enigiets verleen jy waardigheid aan alles wat jy doen.

Voeg by geesdrif die talent om te skep. Skeppende talent, wat volgens Albert Szent-Györyi die vermoë is om raak te sien wat niemand anders sien nie; om te dink wat niemand anders (nog gewaag het om te) dink nie.

So was dit om saam met Wian te werk. Jaar na jaar het hy ons met nuwe temas vir *Konteks* verras. Altyd nuwe vensters op kerkwees, altyd met die kerkjaar op die voorgrond. Hy het voortgebou op die goeie werk van sy voorganger, dr Paul de Beer, wat van 1990 tot in 2004 die stigter en redakteur van *Konteks* was. Wian het met sy visuele kommunikasievernuf 'n vars nuwe voorkoms aan die Kerk se gesinstydskrif gegee.

Wian, ons eer jou vir alles wat jy beteken het vir die Kerk se kommunikasie oor baie jare, en vir die vriendskappe wat jy terselfdertyd oor 'n wye front gesmee het. Ons onthou die vriendelike gesprekke, die bemoedigende woorde wanneer jy gesien het iemand kry swaar, die grappies, die baie nuwe idees en planne. Ek onthou hoe jy altyd wanneer iemand Peppermint Crisp-tert vir teetyd gebring het, gevra het: *Bêre asseblief 'n stukkie vir Elsabé, dis haar gunsteling.*

Ek is spyt dat ons die laaste jare nie kontak gehad het nie, dat ons nie daar was om jou te ondersteun toe jy siek geword het nie. Jy het ons ander altyd so mooi onderskraag. Maar ons is dankbaar dat jy en Elsabé die mooie Kaap saam kon geniet.

Dankie dat ons kon deel in jou Godgegewe talent:

*U raak die pen aan en die woorde begin dans. U raak aan die fluit en die note skitter. U raak aan die verfkwas en die kleure sing. Só kom daar sin en skoonheid in alles wat bestaan – omdat Ú daar is.* (Dag Hammarskjöld)

**Tessa Oppermann**

## Lief en leed


Dr Wian Kloppers

- **Dr Wian Kloppers** voormalige hoof van SENTIK en redakteur van *Konteks* is verlede Woensdag oorlede. Hy is einde verlede jaar met kolonkanker gediagnoseer. Sy toestand het gaandeweg agteruitgegaan tot met sy afsterwe op 16 Julie 2025. Die Kerk betuig simpatie met sy familie.

- Mnr Jurie Wessels se eggenote **Rosa Wessels** is op 22 Julie oorlede. Die Kerk betuig simpatie met haar familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Augustus 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)
  - Saterdag 26 Julie Di A (André) Oberholzer (Witbank-Noord), PJ (Pieter) Steenkamp (emeritus) en LJ (Louis) Steyn (emeritus)
  - Dinsdag 29 Julie Ds A (André) Thomas (Oos-Moot)
  - Woensdag 30 Julie Di SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en DW (Danie) van der Watt (emeritus)
  - Donderdag 31 Julie Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Sinodale offergawes – Volhoubaarheidsmodel:** Die Raad van Finansies wil reeds vóór die eerskomende AKV vir gemeentes die geleentheid bied om volledig ingelig te word oor die beskrywingspunt, en om enige vrae daaroor te opper. Die Raad glo dat dit die gehalte van die gesprek op die AKV sal dien en daartoe sal bydra dat die 74ste AKV ’n goeie besluit tot voordeel van die Kerk sal neem. Daarom bied die Raad van Finansies op die volgende datums webinare aan insake hierdie voorgestelde volhoubaarheidsmodel vir sinodale offergawes:
  - 29 Julie 2025 – 09:00 tot 11:00
  - 31 Julie 2025 – 18:30 tot 20:30
  - 18 September 2025 – 09:00 tot 11:00 en 18:30 tot 20:30

  Die Zoomskakel is soos volg:
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  **ID:** 942 768 9935
  **Wagwoord:** SGB

- **Preekbeurte op uitnodiging**: **Gemeentes Noordelike Pretoria en Wonderboompoort** is in ’n samewerkingsooreenkoms. Die kerkgebou is in Eloffsdal geleë en die gemeente benodig van tyd tot tyd preekbeurte op uitnodiging.
  - In die lig van bogemelde beoog die gemeentes om ’n **databasis** van beroepafwagtendes en afgetrede (emiriti) predikante asook finalejaarstudente wat in die omgewing van Pretoria woonagtig is, saam te stel.
  - Die pligte sal hoofsaaklik preekbeurte, verkondiging van die Woord, huis- en siekebesoek, lei van begrafnisdienste en ander wat later dalk uitgebrei kan word, wees.
  - Vergoeding geskied volgens die riglyne punt 5 (Vergoeding vir preekbeurte op uitnodiging) soos neergelê in Omsendskrywe nr 8/2025 gedateer 11 Februarie 2025 of soos ooreengekom.
  - Beide gemeentes is vakant en ’n beroep sal eersdaags uitgebring word.

  Indien u belangstel om by die betrokke gemeentes te preek, word u versoek om u **inligting en/of navrae** aan die volgende te stuur: oudl Dewald Jordaan 083 309 7206 of **dewald-jordaan53@gmail.com** of oudl Awie Viljoen 073 747 2351 of **wonderboompoort@nhk.co.za**. Die sluitingsdatum is **31 Julie 2024**. Laat aansoeke sal oorweeg word.

## Werksgeleentheid

- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) wat aan die Universiteit van Pretoria gesetel is. Die pos moet vanaf 1 Januarie 2026 gevul word.

**Die volgende sal onder andere van die Hoof van die HTK verwag word:**

- Om mentorskap aan HTK-studente te bied ter ondersteuning van hul behoeftes, geestelike en emosionele welstand.
- Om toesig oor effektiewe studente-administrasie te hou om sodoende die nodige ondersteuning in studentwees te bied en om voldoende verslag aan die Kuratorium te kan lewer.
- Om die nodige modules tydig te ontwikkel, gasdosente te werf en self ook lesings aan te bied sodat studente voldoende Kerkspesifieke opleiding ontvang.
- Om voortgesette bedieningsopleiding (VBO) te fasiliteer wat voortgesette teologiese toerusting (VTT) insluit en om die administrasie van die VBO-program te bestuur sodat predikante optimaal vir hul bediening toegerus kan word.
- Om die nodige navorsingsassosiate tydig te werf, self te publiseer en die kostepunt ten opsigte van publikasies te bestuur om sodoende Hervormde teologie te bevorder.
- Om jonger teoloë te werf en as potensiële dosente vir die toekoms te ontwikkel sodat teologiese opleiding in die toekoms verseker kan word.
- Om die HTK in samewerking met die SGB en die Sentrum Reformatoriese Studies uit te bou sodat teologiese opleiding verskans word en praktykkennis uitgebrei word.
- Om goeie betrekkinge met ekumeniese vennote aan die fakulteit te handhaaf sodat ekumeniese bande met Reformatoriese kerke uitgebou kan word.
- Om die visie vir strategiese teologiese opleiding en leierskap vir die toekoms te fasiliteer sodat die Kerk toegerus kan wees in veranderende tye.
- Om die begroting van die HTK in samewerking met die Bedryfshoof (Sinodale Dienssentrum) saam te stel en tydig te bestuur sodat daar verantwoordelik met die toegekende begroting omgegaan word.
- Om jaarliks aan die Kuratorium en Kommissie, en driejaarliks aan die Algemene Kerkvergadering verslag te lewer om behoorlike rekenskap te verseker.
- Ontwikkeling van toerusting van ampsdraers en lidmate.
- Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
- Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland; en
- Oorhoofse bestuur van die *THT* in samewerking met die redakteur en redaksie.

**Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:**

- ’n Geordende predikant van die NHKA wees;
- Oor ’n doktorsgraad in teologie beskik;
- Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiese studente pastoraal kan begelei;
- Op hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem; en
- Rekenaarvaardig wees.

### Aansoekers moet die volgende dokumente indien:

- Volledige CV;
- Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies;
- Name en kontakbesonderhede van twee referente;
- ’n Selfevaluering van hoogstens een bladsy; en
- ’n Visie vir die uitbou van die HTK.

Van kandidate mag verwag word om psigometriese toetsing te deurloop.

**Die pos bied die volgende voordele:**

- ’n Kontrakaanstelling vir vyf jaar wat na afloop van die termyn hersien word.
- Traktement in lyn met die Kerk se skale.
- Behuisingstoelaag.

- Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde.
- Motortoelaag.

Aansoeke moet voor of op **31 Julie 2025** ingedien word by: Johan Hattingh (**johan@nhk.co.za**)

- **WERKRUIMTE VIR DEELSORG BEDIENING: GEMEENTE DOLFYNKUS & DURBAN-SUID**

Die Gemeente Dolfynkus, ’n hartlike en groeiende geloofsfamilie aan die Noordkus, tesame met Gemeente Durban-Suid, nooi aansoeke in vir ’n deelsorgbedieningposisie. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

**Gemeentes**
Ons is op soek na ’n dinamiese en roepingsgedrewe persoon wat met ’n passie in ’n gemeente wil dien. Die gemeentes is toegewyd aan die erediens en die verkondiging van die woord van God. Die posisie is ideaal vir iemand wat ’n lewende verhouding met Jesus Christus en ’n liefde vir mense het. Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid in ooreenstemming met ons geloofsbeginsels is ’n vereiste.

Verantwoordelikhede sluit in bedieningswerk soos uiteengesit in die Kerkorde van die NHKA (preekbeurte en eredienste), pastorale sorg en besoeke soos benodig, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is belangrik.

- **Gemeente Dolfynkus**
  Die Gemeente Dolfynkus is 98 jaar oud. Die gemeente het 38 belydende lidmate en 2 dooplidmate.

- **Gemeente Durban-Suid**
  Die Gemeente Durban-Suid is 67 jaar oud. Die gemeente het 42 belydende lidmate en 10 dooplidmate.

**Kerkgebou**
Die Gemeente Dolfynkus beskik nie oor ’n eie kerkgebou nie en eredienste vind tans in Westbrooke plaas. Die Gemeente Durban-Suid se kerkgebou is in Beaconweg 137, Grosvenor, Bluff. Daar is nie ’n pastorie beskikbaar nie.

**Vergoeding**
Die gemeente kan die predikant vergoed met ’n totale pakket van R546 450 per jaar. Behuising van R18 000 p/m, water en ligte asook ’n datapakket sal bygevoeg kan word.

**Leraarsprofiel**
Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik. Teologiese opleiding en ondervinding in gemeentebediening geniet voorkeur.

**Aansoeke**
Stel u belang? Stuur u CV (VBO-krediete ingesluit) en ’n kort geloofsgetuienis en verwysings na die SGB-verteenwoordiger en -fasiliteerder dr Hannes Janse van Rensburg (**HannesSGB@nhk.co.za**).

Aansoeke sluit op **22 Augustus 2025**. Met ontvangs van die CV sal ’n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Kom wees deel van wat God besig is om by Dolfynkus te doen!

**Onderhoude**
Aansoekers moet beskikbaar wees vir ’n virtuele of fisiese onderhoud te Ballito, KZN.

**Vertroulikhheid**
Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie. Aansoekers sal verwittig word wanneer die beroep uitgebring word.

- **VAKATURE: PROFESSIONELE ASSISTENT VIR DIE BEDRYFSHOOF**

**Sinodale Dienssentrum – Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)**
Die NHKA nooi geskikte en dinamiese kandidate uit om aansoek te doen vir die pos van **Professionele Assistent vir die Bedryfshoof** by die **Sinodale Dienssentrum** in East Lynne, Pretoria.

**Pligte en Verantwoordelikhede:**
- Professionele administratiewe ondersteuning aan die Bedryfshoof.
- Hantering van korrespondensie, afsprake en vergaderings.
- Versameling, verwerking en verspreiding van inligting en dokumentasie.
- Koördinering van interne en eksterne kommunikasie.
- Logistieke ondersteuning vir projekte en bestuursfunksies.
- Vertroulike hantering van inligting en sensitiewe sake.

**Vereistes:**
- ’n Geskikte kwalifikasie in administrasie, kantoorbestuur of ’n verwante veld.
- Ten minste drie jaar toepaslike werkservaring in ’n soortgelyke rol.
- Uitstekende rekenaarvaardighede (MS Office-pakket, e-pos, datahantering).
- Vaardigheid in Afrikaans en Engels (geskrewe en gesproke).
- Sterk organisatoriese en kommunikasievaardighede.
- Diskresie, lojaliteit en ’n professionele ingesteldheid.

**Aanstellingsvlak en vergoeding:**
- Markverwante salaris gebaseer op kwalifikasies en ervaring.
- Voltydse pos gebaseer by die Sinodale Dienssentrum in Pretoria.

**Aansoekprosedure:**
Stuur asseblief ’n volledige CV vergesel van ’n motiveringsbrief en ten minste twee kontakbare verwysings na: **johan@nhk.co.za** of **mannekrag@nhk.co.za**

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 31 Augustus 2025

Let wel: Slegs kandidate wat aan die vereistes voldoen, sal vir ’n onderhoud genader word. Die NHKA behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

## Vergaderings

- Vrydag 25 Julie: Moderamen

## Kerklike en ander publikasies






- In die **Julie 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** lui **ds Hannelie Botha** hierdie uitgawe in met haar redaksionele blik op *Wanneer trauma en verlies jou pad kruis*. **Demara Bezuidenhout,** Gemeente Kaapstad, deel die hoogtepunte van Wes-Kaap se NHSV-Streekbyeenkoms wat te Gemeente Worcester plaasgevind het. **Susan Kotzé,** Gemeente Pretoria-Oos brei uit oor die Pretoria-en Noordelike Pretoria-streke se gesamentlike NHSV-Streekbyeenkoms te Gemeente Rietvallei. **Pikkie Hetzel,** Gemeente Port Elizabeth, skyn die kollig op hul NHSV se Tooi Turkoois-projekte by twee tehuise en binne gemeenteverband. **Joan de Beer,** Gemeente Wonderboom, besing die waarde van boeke veral wanneer ons van boeke moet afskeid neem in *Liewe boeke.* Volg die skakel na ons NHSV-publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.








- **Uitgawe 19 van Lalasini** is ***hier*** beskikbaar. Lees meer oor fietsry in die Drakensberge, die interessanthede van Riversdale en vind uit of jou kind skoolgereed is. Die vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.



## Kom kyk saam

**Mej Carien Janeke**, finalejaarstudent aan die Hervormde Teologiese Kollege, gesels oor hoe elkeen van ons geroep is om 'n **barmhartige Samaritaan** te wees in 'n wêreld vol gewondes langs die pad. Luister saam.

**#teologiestudente #pastoraat #geloof**

## ’n Gedig

**Psalm 23 (AFR2020)**

Die Here is my herder;
ek ly nie gebrek nie.
In groen weivelde laat Hy my rus;
na water waar daar rusplek is,
lei Hy my.
Hy gee my nuwe lewenskrag;
Hy lei my op die regte paaie
ter wille van sy Naam.
Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan,
is ek nie bang vir gevaar nie,
want U is by my.
Dit is u staf en u stok wat my gerusstel.
U dek vir my ’n tafel voor die oë
van my teenstanders.
U verfris my kop met olie;
my beker loop oor.
Net goedheid en troue liefde sal my volg
al die dae van my lewe,
en ek sal terugkeer na die huis van die Here,
tot in lengte van dae.

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
  - 25 Julie — Ermelo
  - 26 Julie — Wonderboom
  - 2 Augustus — Pretoria-Oos
  - 2 Augustus — Grimbeekpark
  - 30 Augustus — Rustenburg-Suid
  - 30 Augustus — Ottosdal
    Ventersdorp

- Kom kuier saam! **Gemeente Wonderboom** nooi jou hartlik uit na hul basaar op Saterdag **26 Julie 2025**!
  Tyd: 09:00 tot 13:00
  Plek: Marjoramlaan 219, Wonderboom

  **Allerlei lekkernye** sal te koop aangebied word! Kry pap-en-kaiings, kerrie-en-rys, *chicken strips* en skyfies/slaai, jaffels, pannekoek asook heerlike warm koffie, tee of cappuccinos en geniet soetgoed soos basaarpoeding en gebak terwyl u tussen die verskeidenheid interessante stalletjies rondstap.
  Basaarpret met verskeie pryse op die spel! Daar gaan selfs ’n **hondeskou** wees vir jul hondekinders.
  Sien uit om u daar te sien!

- **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** hou op **26 Julie 2025** hul jaarlikse **gholfdag** by Drakensig Gholfbaan. ’n Gelukkige speler wat ’n kolskoot slaan, wen ’n New Holland TT85 Trekker. Daar is baie ander pryse te wen! Teen R4 000 per 4-bal, 4-speler *American scramble* is dit iets om na uit te sien. Putjiekoste vir borge is R1 500. Daar is ook gratis akkommodasie in ’n gastehuis in Hoedspruit vir die eerste 4-bal en/of 4-bal *American Scramble* wat bespreek en betaal vanaf ’n ander plek as Hoedspruit. (Dit geld slegs vir spelers). Kontak Susan la Grange by 072 636 8001 indien u belangstel.

- **Gemeente Pretoria-Oos** nooi jou hartlik uit na hul **KONKA-konsert** op **1 Augustus 2025** waar **Corlea Botha en Ruhan du Toit** optree. Kaartjies beloop R200 vir volwassenes en R50 per kind onder die ouderdom van 12 jaar. Kontak gerus die kantoor (012 460 8441) vir verdere inligting.

- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
**Saterdag 2 Augustus vanaf 08:00 tot laat**
By die **Tuinhekkie** net buite Randfontein.
Adam Tas, Liane Heyl, Bobby van Jaarsveld, JP Dix, Wynand en Chereé, Daemian-Lee, Prop, Ivan Roux, Hennie de Bruyn en die Kitaarkêrels, John Rock Prophet, Marko, Caitlyn Mitchell en talle ander kunstenaars tree heeldag op die **twee groot verhoë** op – met Vanes-Mari as hoofaankondiger. Sjef Vaatjie gee vleisadvies en beoordeel die slaglambraaikompetisie. **Meer as 350 uitstallers** sowel as ’n groot plaasafdeling en ook ’n veteraanmotorskou, kameel- en lugballonritte, pretparke, kunsuitstallings, demonstrasies (onder andere mond-en-voetskilders), verskeie gesellige kuierareas en vele meer. Kom geniet die eetgoed, opwinding en feesatmosfeer. **Kontak** 082 464 1547 of besoek ***Sionspoort op Facebook*** vir die **feesprogram**

- **Gemeente Hartebeestpoort** (Brits) bied weer dié jaar hul 3de **Bosveld Mtb** op **2 Augustus 2025** aan as ’n fondsinsameling vir die gemeente. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik 4 km & 8 km *kiddies ride* 36 km, 91 km en 156 km.
**Plek: Brits Vliegveld**
**Tyd: Begin om 07:00**
Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Dié jaar het ons nog meer waterpunte en Bakkies Botha is ons gas vir die dag. Hy gaan self die 91 km doen.
Vir **navrae** kontak: Ds Corlien van der Merwe (083 654 8154), Marcel by Hartebeestpoort-kerkkantoor (012 252 4315), Mechiel Ras (072 605 1393) of Mias van der Merwe (083 320 2466). Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings. Gaan kyk gerus wat sê die vorige deelnemers onder *Testemony* (sic) op die webwerf.

- **Gemeente Pretoria-Oos** nooi jou hartlik uit na hul **basaar** wat op **2 Augustus 2025** plaasvind. Bring jou kinders na die jeugarena terwyl jy lekker rondloop en die verskeie stalletjies soos boeke, pannekoek, plante, en die witolifanttafel geniet! Kontak gerus die kantoor (012 460 8441) vir verdere inligting.

- **Gemeente Randburg** nooi u om ’n middag van hemelse musiek saam met met die internasionaal bekroonde sopraan **Amira Willighagen** op **Sondag 3 Augustus om 14:00 by die Hervormde Kerk Randburg** te beleef. Met haar engelstem en indrukwekkende repertoire beloof hierdie uitvoering om jou siel te roer en jou hart met vreugde te vul. Moenie hierdie unieke geleentheid om een van Suid-Afrika se grootste jong talente lewendig te hoor misloop nie. Bring familie en vriende saam vir ’n onvergeetlike musiekmiddag in ’n pragtige en inspirerende omgewing. Kaartjies is ***hier*** via Quicket teen R200 per persoon beskikbaar. Kontak ons vir meer inligting by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of besoek ons webwerf ***hier***.



- Dis weer daai tyd van die jaar! **Gemeente Ventersdorp** hou basaar saam met ons jaarlikse 4x4-dag.
  - Iets vir almal om te eet van soet tot sout, topgehalte vleis tot staatmaker pannekoek.
  - Stalletjies om van te kies en te keur.

  Ons sien jou daar! **30 Augustus 2025** by Trimpark Ventersdorp. Uitstallers is welkom.
  **Kontak vir Wessel** 082 961 0144 vir enige navrae.




- **Gemeente Montana-Oos** vier DV die naweek van 5-7 September 2025 haar **50ste bestaansjaar**. Oud-lidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die naweek saam met ons deur te bring. Die program vir die naweek is soos volg:
  - Vrydag 5 September: Vanaf 15:00: Spitbraaikuier vir die hele gesin/dans.
  - Saterdag 6 September: 08:00: Pretstap en basaar van 08:00-13:00. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir almal.
  - Sondag 7 September: 09:00: Feesdiens en nagmaal met lede van Hoërskool Montana se koor. Verversings na die diens.

  **Vir meer inligting**, kontak ds Frikkie van Wyk 083 625 6788 of die skriba Johan Emmenis 060 546 7438 of stuur 'n epos na **gfvanwyk@nhk.co.za**.

- **Gemeente Klerksdorp-Suid** hou 'n **Blesbokkompetisie** teen R50 per inskrywing.
  - Eerste prys: 20 kg wors & 20 kg maalvleis
  - Tweede prys: 10 kg Wors & 10 kg maalveis

  Die gelukkige trekking vind op **7 September 2025** plaas.
  **WhatsApp vir Trudie** (072 393 5187) vir enige navrae en aankoop van lootjies.

## Toerusting



- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die Hervormde Teologiese Kollege het 'n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om op hul eie manier Nicea te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is 'n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde-advertensie in *Blitspos* dop om op hoogte te bly.




## Barmhartigheid




- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in itsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Ons Vader wat in die hemel is,
ons bid dat al die mense
u heilige Naam sal eer omdat U God is.
Ons bid dat die tyd moet kom
wanneer almal sal weet U is Koning.
Ons bid dat al die mense op die aarde sal doen
wat U wil hê hulle moet doen,
soos die engele in die hemel dit doen.
Gee vir ons vandag die kos wat ons vandag nodig het.
En vergewe ons alles wat ons verkeerd gedoen het teen U,
soos ons ook ander mense vergewe
wat verkeerd gedoen het teen ons.
En help ons dat niks sal gebeur
wat ons sal laat sonde doen nie.
Maar beskerm ons teen die duiwel.
Amen.

**Matteus 6: 9-13 (ABA)**



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann